SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SI02) 25M PRESISIE SENTERSLAG – HEFBOOMAKSIE POSLIGA (NRA UK EVENT 0102)

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die 25m Presisie sentersalg is 'n amptelike "Gallery Rifle" sportskiet kompetisie, wat om 25m uit die staande posisie sonder ondersteuning geskiet word. Vir hierdie dissipline kan of 'n senterslag hefboomaksie geweer in die kalibers .38 Special, .357 Magnum of .44 Magnum gebruik word. Lede met hierdie wapens kan aan die Vereniging se georganiseerde sportskiet aktiwiteite deelneem. Die posliga-uitdaagskiet bied die geleentheid aan individue en takke om individueel of in spanverband deel te neem. Die oefening gee aan lede die kans om hierdie wapens te gebruik by die Vereniging se georganiseerde sportskietaktiwiteite. Die posliga-uitdaagskiet bied die geleentheid aan individue en takke om individueel of in spanverband deel te neem.

Die doel van die posliga skietoefening is om lede se sportskietvaardighede te verbeter. Lede is nie beperk tot een inskrywing per siklus nie. Die gewone skietoefenings se reëls is ook van toepassing op die posliga, naamlik dat slegs die eerste poging vir die dag die kwalifiserende punt verteenwoordig. Deelname aan die posliga word erken as 'n toegewyde aktiwiteit. 'n Span bestaan uit vyf skuts. Lede kan by enige tak van die SAJWV aan die liga deelneem. Vir kompetisiedoeleindes sal die beste vier tellings in aanmerking kom. Die posliga strek vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober elke jaar.

Die finale byeenkoms vind in November/Desember plaas waar hulle skouer teen skouer kan meeding om die jaar se kampioene te bepaal. Die posliga ranglys bepaal watter skuts na die nasionale kampioenskap genooi sal word. Die kapasiteit van die fasiliteit waar hierdie byeenkoms plaasvind sal bepaal hoeveel individuele skuts en spanne na die finaal genooi kan word. Slegs die top skuts en spanne sal na die finale byeenkoms genooi word.

2) Afstand

25m

3) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4) Visiere of teleskope

Enige

5) Unieke veiligheidsmaatreëls

Geen

6) Vuurwapentipe

Hefboomaksie-gewere: .38 Special, .357 Magnum, 44 Magnum

7) Oefening

Senterslag hefboomaksie-geweer

Afstand:	25m
Tyd:	45 minute per 30 rondtes.
Proefskote:	Onbeperkte aantal toegelaat. Tydsbeperking 5 min op aparte teiken.
Skietposisie:	Staande sonder ondersteuning of hulpmiddels.
Aantal rondtes:	30 Tel skote

Totaal 30 rondtes of 300 punte [3 telkaarte , 10 skote per kaart. 3 x 100 = 300]

8) Erkenning

60% Brons 180+; 70% Silwer 210+; 80% Goud 240+
Die maksimum telling wat behaal kan word, is 300. Deelname is onbeperk
[Spanne of individuele skuts mag meer as een keer inskryf]

9) <u>Tellingadministrasie</u>

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis versend. Kwalifiserende skuts in die sportskietoefeninge kan lap-wapens by die skietverteenwoordiger aanvra.

10) <u>Verkykers, "Spotting Scopes"</u>

Skut mag verkykers of "spotting scopes" gebruik om skootplasing vas te stel.

11) <u>Teiken</u>

Die teiken wat gebruik word, is die "S01" wat by die nasionale kantoor beskikbaar is.
[Swart kol gedruk op karton van presies 59cm x 59cm]



Datum hersien: 2017-09-07